

GEBIEDSKAMP TE 'RIVER OF JOY' 20-21 FEBRUARIE 2010

Die naweek breek aan met die lieflikste sonskynweer en die vriendelikste SAWA gesigte, o, wat 'n vreugde!

Van die Flaminke verwelkom ons, Flip en Louisa Kleynhans en Jan en Mara du Toit. Die Oranje woonwaens trek een na die ander in: Johan en Magda, Corrie en Nina, Antionette en die kinders, Gert en Ina, Tommie en Lettie, Chris en Eureka, Johan en Lilla, Andriesa en Annatjie ook Coen en Emmalean. Saterdagoggend word Tannie Loewie omgepraat en kom PLAK by die Blays en Crouse, dit was vir ons heerlijk om haar saam met ons te hê en sy erken ook dat dit vir haar baie aangenaam was.

Vrydagaand tydens die boekevat, gelei deur Tommie, sing hierdie klomp vriende dat die bosse daarvan dreun. Sing kan ons darem maar sing.

Saterdagoggend het ons Oranje se gebruiklike "WIT OLIFANTTAFEL" en daar word ywerig hande in beursies gestee en die lekker eetgoed, plante en allerhande ander fieterjassies verdwyn vinnig van die tafel af. Direk na afloop van die WIT OLIFANTTAFEL hou gebied Oranje-Goud hul vergadering. Besprekingspunte van die afgelope NUB word op 'n gesellige en insiggewende manier bespreek en vrae beantwoord en sake uitgepluis.

Saterdagmiddag vergader die Bestuurslede van Streek Oranje en handel ook hul vergadering af. Sake op die agenda word spoedig en flink afgehandel en bedank Johan lede van die bestuur wat help dat alles so vlot verloop in Streek Oranje.

Later Saterdagmiddag word die aanloop na die "Jaffels" bak by die Van der Merwes se woonwa geloots en onder baie gelag, saamgesels en rate uitruil word bak na bak onder Magda se veelbesproke "rooi kombers" in ons woonwa gebêre. Johan Crous is natuurlik weer die baas bakker en hy vat geen nonsens van niemand nie - en eenkant staan sy bak ook gereed vir al die korsies wat hy voer vir sy geveerde vriende - tuis op sy grasperk. Gou-gou staan elkeen met sy bord en geldjies gereed vir sy deel van die "Jaffels" en An3sa moet bontstaan met die kleingeld.

Na boekevat, waargeneem deur Johan Sander en ons lofsange na bo, sak daar 'n vredsamese en "vreetsame" stilte oor die kampterrein toe soos elkeen aan sy kossies smul en daarna word rond en bont gekuier van woonwa tot woonwa.

Sondagoggend luister ons na 'n CD van Stepban Joubert en hy raak weer 'n ieder en 'n elk se hartsnare aan. Na die diens hou ons Voorsitterstee waar Coen, Johan Sander en Flip Kleynbans spreekbeurte kry. Soos altyd word al die vrae breedvoerig beantwoord en daarna verkeer ons gesellig saam met koek en tee.

Nou begin die pale val en die tentseile word gevou en elkeen maak gereed om terug huistoe te gaan met 'n danklied teenoor ons Hemelse Vader, wat hierdie wonderlike naweek aan ons geskenk het.

Hoop ons sien julle by die Ladybrandkamp die naweek van 20/22 Maart 2010.

Wederom
Emmalean

